

met die Bybelgenootskappe



JULIE

2 – 8 Jul

Italië: Dank die Here dat dit vir ons moontlik is om met Bybelwerk in hierdie land voort te gaan. Bid vir ons personeel en Raad. Bid veral dat die Bybel werklik 'n impak op die lewens van ons mense sal hê.

Duitsland: Bid asseblief vir die 500ste herdenking

van die Reformasie wat in 2017 plaasvind en vir al die aktiwiteite wat die Bybelgenootskap en die Kerk in Duitsland aanbied. Bid in die besonder vir die bevordering van die hersiene uitgawe van die Luther Bybel wat in 2016 verskyn het.

Oostenryk: Bid vir groepe, veral skoolkinders, en individue wat die Bybel-sentrum in Wene besoek om meer oor die Bybel en sy geskiedenis te leer. Bid

veral vir ons bediening om Bybels in hulle eie taal aan vlugtelinge en gevangenes in Oostenryk te voorsien.

9 – 15 Jul

Serwië en Montenegro:

Dank die Here vir alles wat bereik is met Bybelverspreiding. Bid dat dit vir ons moontlik sal wees om bybelse waardes, veral onder die jeug, te bevorder. Bid ook dat ons publikasies baie meer mense

in die Bybel geïnteresseerd sal maak.

Bosnië-Herzegowina:

Bid dat deure vir Bybelwerk in hierdie land sal oopgaan. Bid vir die inwoners waarvan ongeveer 45% Christene is, dat dit moontlik sal wees om in hulle Bybelbehoefes te voorsien.

Kroasië:

Bid dat die Here Bybelwerk hier sal seën. Bid dat dit vir die Bybelgenootskap moontlik sal wees om die inwoners van ons land met die Bybel in geskikte formate te bereik. Bid vir die vertaling van die Bybel in hedendaagse Kroaties.

Slowenië:

Bid vir ons werk om die Bybel vir almal in ons land toeganklik te maak. Bid dat mense meer en meer sal beseft dat die Bybel die boodskap van hoop bevat. Bid vir die vertalers wat aan die vertaling van die Nuwe Testament in moderne Sloweens werk en ook vir ons jeugprojek, *Lewe met Jesus*.

16 – 22 Jul

Albanië: Bid dat dit vir ons moontlik sal wees om die saad van die Woord in die harte van Albaniërs te saai. Bid vir die werk wat die Bybelgenootskap hier doen. Dank die Here dat dit vir ons moontlik is om ons geloof hier uit te leef.

Macedonië:

Bid dat die Here Bybelwerk in hierdie land sal seën. Bid vir vordering met die vertaling van die Nuwe Testament in Macedonies, asook vir die vertaling van die verhaal

van Jesus in Macedoniese Gebaretaal. Bid ook vir ons projek om kinders met die Woord te bereik.

Griekeland:

Dank die Here vir dit wat ons Bybelgenootskap kon bereik en dat dit vir ons moontlik is om in moeilike tye Bybels beskikbaar te stel. Bid dat ons ons mense, en veral die jeug, meer bewus van bybelse waardes sal maak. Bid vir ons personeel en Raad.

23 – 29 Jul

Belarus:

Dit is vanjaar die 500ste herdenking van die Bybel in Belarus. Bid dat die inwoners van hierdie land hulle opnuut tot God sal wend. Bid veral vir die baie dwelm- en alkoholverslaafdes in ons land. Bid dat ons hulle, asook kinders, met die Bybel sal kan bereik.

Litawe:

Bid vir vordering met die vertaling van die Bybel in moderne Litawus, dat dit vir alle kerke aanvaarbaar sal wees. Bid ook vir die vertaling van die Nuwe Testament in Gebaretaal en vir ons projek om kinders te bereik. Bid ook vir die voorbereiding van Bybelmateriaal vir skole.

AUGUSTUS

30 Jul – 5 Aug

Letland: Bid dat Letlanders die Bybel sal lees. Bid dat ons geskikte Bybelmateriaal sal publiseer om ons samelewing te help om die pynvolle maatskaplike probleme van die verlede, asook etniese verskille, te oorkom.

Estland: Bid vir die Bybelgenootskap se projekte wat daarop gemik is om veral die jeug meer van die Bybel bewus te maak. Dank die Here vir elke Bybel wat ons reeds in hierdie land kon versprei. Bid vir die impak daarvan op die lewens van Estlanders.

Roemenië:

Bid dat die Here Bybelwerk hier sal seën. Bid vir die Kerk en vir die Bybelgenootskap, dat ons mense met die Bybel sal bereik en dat ons samelewing bybelse waardes sal aanneem en uitleef.

6 – 12 Aug

Hongarye:

Dank die Here vir die vordering met die Evangelie volgens Markus in Hongaarse Gebaretaal. Bid vir die spoedige voltooiing van die Oudiobybel wat onder siggestremdes en Romani gemeenskappe versprei sal word. Bid vir ons personeel en Raad.

Bulgarye:

Bid vir Bybelwerk in hierdie land. Bid dat ons geskikte Bybels in verskillende formate sal kan voorberei om verskillende ouderdomsgroepe met die Bybel te bereik. Bid vir die kerke in Bulgarye.

Moldowa:

Dank die Here dat Hy ons werk seën. Bid asseblief dat almal wat deur ons verskillende projekte 'n Bybel ontvang, dit sal lees en die boodskap van die Woord in hulle daaglikse lewens sal toepas. Bid ook vir politieke en ekonomiese stabiliteit in ons land en vir ons personeel.



13 – 19 Aug

Oekraïne: Bid dat die Here Bybelwerk hier sal seën. Bid vir vrede en stabiliteit en vir Christene in hierdie land. Bid dat Bybels in geskikte formate beskikbaar sal wees om almal se Bybelbehoefes aan te spreek.

Oesbekistan: Bid vir al ons projekte wat ons onder moeilike omstandighede moet uitvoer. Bid veral vir ons *Faith Comes By Hearing*-projek wat baie belangrik vir die kerke is. Bid vir ons personeel en ook vir die ekonomie van ons land.

Tadjikistan: Bid vir die her-siening van die Bybel in Tadjik en dat dit vir ons moontlik sal wees om die volledige Bybel vir ons mense toeganklik te maak. Bid ook vir ons verhouding met die kerke.

20 – 26 Aug

Pole: Dank die Here dat ons ons 200ste bestaansjaar

kon herdenk en dat dit vir ons moontlik is om deur TV en radio mense van die Bybelgenootskap bewus te maak. Dank Hom ook vir die voltooiing van die eerste interkerklike Poolse Bybelvertaling. Bid vir die publikasie van hierdie ekumeniese Bybelvertaling en vir die 500ste herdenking van die Reformasie.

Slowakye: Bid vir die vertaling van Bybelgedeeltes in Gebaretaal en dat dit vir ons moontlik sal wees om die Bybel in groot druk vir siggestremdes beskikbaar te stel. Bid ook vir ons projek om Bybelmateriaal aan skole te verskaf om godsdiensonderrig in skole te bevorder.

Tsjeggiese Republiek: Bid dat Tsjeggiese Christene die Woord van God met die res van die nasie sal deel. Bid veral vir ons jeug, dat hulle nie deur die agnostiese samelewing waarin hulle opgroei, verlei sal word nie. Dank die Here vir die verspreiding van die *Bybel vir Tieners* waarmee ons verlede jaar begin het.

27 Aug – 2 Sep

Egipte: Vanjaar fokus ons veral op die jeug. Bid asseblief vir die verskillende geleenthede wat ons beplan waar jongmense hulle talente in verskillende kunsvorme, byvoorbeeld musiek en drama, kan inspan om bybelse temas toe te lig. Bid dat hierdie projekte die Bybel meer toeganklik vir tieners sal maak. Bid vir ons personeel.

Algerië: Dank die Here vir Bybelwerk in die land. Bid veral vir Bybelvertalingsprojekte waaraan gewerk word. Baie jongmense in die land is nuuskierig oor die Christendom en luister na Christenradio of kyk na programme op die Internet. Bid dat ons geskikte Bybelgedeeltes vir hulle beskikbaar sal kan stel.

Tunisië: Bid vir die Christene in die land asook vir die Kerk. Bid dat dit moontlik sal wees om met georganiseerde Bybelwerk hier te begin. Bid vir vrede en politieke stabiliteit.

Marokko: Dank die Here vir vordering met Bybelvertaling en bid dat hierdie vertaling uiteindelik ook as 'n klankopname beskikbaar sal wees. Bid vir die Bybelgenootskap wat onder moeilike omstandighede werk.

SEPTEMBER

3 – 9 Sep

Israel: Dank die Here vir die voorreg om Bybelwerk hier te kan doen. Bid asseblief vir ons projek om kinders met die Bybel in gedrukte sowel as digitale formaat te bereik. Bid ook vir ons spesiale webwerf waar Hebreussprekendes interaktief met die Bybel kan omgaan. Bid vir die Kerk in Israel.

Palestynse Gebiede: Bid steeds vir vrede in hierdie gebied en vir die inwoners wat baie swaar kry. Bid spesifiek vir Bybeldag, 'n jaarlikse instelling waar verskillende kerkgenootskappe rondom die Bybel bymekaarkom. Bid vir die Christene wat nog in Gasa woon.

Arabiese-Israelse Bybelgenootskap: Bid vir ons werk om in die Bybelbehoefes te voorsien van Arabiese Christene wat hulle in Israel bevind. Bid vir ons projek om vroue in die Galilea-streek met bybelse waardes te bemagtig.

10 – 16 Sep

Jordanië: Bid vir stabiliteit in ons land te midde van al die konflik in die Midde-Ooste.

Bid vir mense se interaksie met die Bybel. Bid ook vir al die vlugtelinge wat hulle in ons land bevind, dat ons hulle sal kan help om trauma te hanteer. Bid ook vir ons visie om 'n Bybelsentrum te open.

Libanon: Dank die Here dat ons betrokke kan wees by Bybelverspreiding en traumberading onder vlugtelinge uit Sirië en Irak. Bid vir ons projekte vir gevangenes en mense uit arm gemeenskappe. Bid vir ons personeel en vir die Kerk in die Midde-Ooste.

Sirië: Bid vir vrede. Dank die Here dat hy ons personeel beskerm. Bid dat die kerke mense se behoeftes sal kan aanspreek en hulle deure sal kan oophou. Bid dat die Bybelgenootskap steeds Bybels regoor die land sal kan versprei.

17 – 23 Sep

Malta: Bid vir Bybelwerk hier en dat dit vir ons moontlik sal wees om in die Bybelbehoefes van ons inwoners te voorsien.

Ciprus: Dank die Here vir die werk van ons Bybelgenootskap en dat Hy dit seën. Bid vir ons projek om Nuwe Testamente vir skoolleerders beskikbaar te stel. Bid vir ons verhouding met die kerke.

Turkye: Bid vir vrede in ons land en dat die Here ons personeel sal beskerm. Dank Hom vir al die verskillende geleenthede wat ons het om die Bybel hier te versprei en om interaksie met die Woord te bevorder.

24 – 30 Sep

Golfstate: Bid vir almal wat ons stalletjie by die internasionale boekeskou in Bahrein besoek het en Bybels gekoop het. Bid dat hulle dit sal lees en die ware Woord sal ontdek. Bid vir ons 25 verskillende projekte vir vanjaar wat geletertheid en Bybelverspreiding insluit.

Irak: Bid dat ons 'n Bybelhuis in Erbil sal kan bou. Bid ook vir ons traumaprojek, vir die beskerming van ons personeel en vir die Kerk in Irak.

Iran: Bid vir die Irannese Bybelgenootskap in diaspora wat probeer om in die Bybelbehoefes van Irannese Christene, waar hulle hulle mag bevind, te voorsien. Bid ook vir die hersiening van die hedendaagse Persiese weergawe van die Bybel.